ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

**Desember / December 2020**



# Kerswense / Christmas Wishes

**Ons wense, as Direksie van die HEV, is dat u almal 'n geseënde Christusfees sal geniet en God se seën en beskerming julle sal vergesel en dat u Jesus se geboorte sal herdenk soos beskryf in LUKAS 2:8-14.**

*Daardie nag was daar skaapwagters wat in die veld buite die dorpie hulle skape opgepas het. Skielik het 'n engel van die Here aan hulle verskyn en die glans van die Here het om hulle geskyn. Hulle het vreeslik bang geword, maar die engel het hulle gerusgestel: "Moenie bang wees nie!" het hy gesê. "Ek bring vir julle goeie nuus wat groot blydskap vir almal inhou! Die Verlosser–ja, die Messias, die Here–is vannag in Betlehem, die tuisdorp van Dawid, gebore! En dit is hoe julle Hom sal herken: Julle sal 'n Kindjie vind wat in 'n krip lê en in doeke toegedraai is!" Skielik was daar saam met die engel 'n groot menigte ander engele, 'n leërskare uit die hemel, wat God prys:*

*"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir almal in wie Hy 'n welbehae het."*

**Our wish, as the Directors of the HOA, is that you will be blessed by our Lord and that you will rejoice in the birth of Jesus as so beautifully described in : LUKE 2 : 8-14.**

*And there were shepherds living out in the fields nearby, keeping watch over their flocks at night. An angel of the Lord appeared to them, and the glory of the Lord shone around them, and they were terrified. But the angel said to them, "Do not be afraid. I bring you good news that will cause great joy for all the people. Today in the town of David a Savior has been born to you; he is the Messiah, the Lord. This will be a sign to you: You will find a baby wrapped in cloths and lying in a manger."*

*Suddenly a great company of the heavenly host appeared with the angel, praising God and saying:*

*"Glory to God in the highest heaven, and on earth peace to those on whom his favor rests."*

# WAARDERING

Dit is met diepe waardering wat ek ons direkteure wil bedank vir hulle onbaatsugtige, vrygewige dienslewering gedurende die afgelope 15 maande.



Die direkteure is verkies tydens die Algemene Jaarvergadering deur die eienaars. Hulle opoffering in hulle eie tyd, soms in die reën en soms met hulle eie voertuie en fondse, word hoog waardeer– hulle doen dit alles gratis en kry geen vergoeding daarvoor nie.

— **Johan du Preez**, die ondervoorsitter en Direkteur (Infrastruktuur en Sosiaal en Maatskaplik) het gedurende die grendeltydperk die moraal van die sorg-sentrum personeel hoog gehou, deur hulle Vrydae met eetgoedjies te bederf.
— **Johan Alberts**, Direkteur (Finansies) en sy komitee. Die finansiële state getuig daarvan dat ure se harde werk goeie vrugte afgewerp het vir die landgoed.
— **Ina Niemann**, Direkteur (Fasiliteite en Kommunikasie). Ten spyte van voort-durende onkruid en termiete, spreek die pragtige tuine vanself.
Die maandelikse nuusbrief, Eldie Nuus, gee ook gereeld belangrike inligting aan die inwoners.
— **Michael vd Berg**, Direkteur (Veiligheid en Sekuriteit). Daar is geen twyfel dat ons almal elke dag en aand veilig kan voel en rustig kan slaap, wetende dat daar iemand is wat ons veiligheid op sy hart dra.

My wense is dat al die inwoners 'n geseënde Christusfees sal beleef en God se seën en beskerming sal ervaar.

—**Wilma vd Berg**, Voorsitter HEV.

(*Baie dankie ook aan Wilma as Direkteur gemoeid met die Sorgsentrum en Dienssentrum. Die etes wat deur Kingdom Caterers afgelewer word, is vir baie inwoners 'n uitkoms.* –Redakteur)

## Estate matters

Waste collection will take place on Thursday 24 Dec and Thursday 31 Dec, due to the public holidays on Friday 25 Dec and Friday 1st Jan 2021.

# VERWELKOMINGSKOMITEE:

## Brief vanaf Sosiaal-en Maatskaplike direkteur

Beste inwoners,

*Het julle dalk al gevoel julle is verlore wanneer julle nuut hier by Eldoraigne Aftreelandgoed aankom en intrek? Sou dit nie lekker gewees het as daar iemand was wat julle net bietjie kon touwys maak en inlig oor wat alles aangaan en hoe dinge werk hier op die landgoed?*

*Wat doen mens as iets fout is, waar en hoe rapporteer jy dit. Waarvoor, waar en hoe kan mens hulp en inligting kry?*

*As jy dalk so gevoel het en partykeer nog steeds wonder, wil jy nie kom help om dit in die toekoms makliker te maak vir nuwe intrekkers nie?*

*Ons wil graag 'nklein verwelkomingskomitee op die been bring om dit makliker en meer aangenaam te maak vir nuwe intrekkers wat by ons aansluit en bure word. Skakel gerus die kantoor (ontvangs) en gee u naam op vir deelname. Ons sal dit waardeer as u wil kom help hiermee.*

Vriendelike groete,
Johan du Preez (3192)

# KYK DIEPER...

Een van die redes vir Desember-neerslagtigheid is dat die feestyd eensaamheid beklemtoon. Ons moet die feestyd bietjie dieper kyk; luister; meer uitvra.

Ons voel dikwels eensaam selfs terwyl ons deur familie en vriende omring is; die gemis van hartsmense wat deur die dood weggeneem is of kommer oor geld versterk die gevoel van magteloosheid. Met die struktuur van bekende roetines boonop weg, is dit opeens onmoontlik om jou kop bymekaar te hou. Jy is tot die dood toe moeg, en terselfdertyd doodbang. Jy voel eensaam, maar sien nie die nut, of kan nie die energie bymekaarskraap , om uit te reik nie. Jy smag daarna dat iemand verstaan waardeur jy gaan, maar wil niemand met jou swaarmoedigheid belas nie. Jy weet met jou kop dat daar mense is wat jou liefhet, maar jy voel dit nie. Jy voel eintlik niks en terselfdertyd so baie dat jy nie jou lyf soggens uit die bed gesleep kan kry nie.

Op ons lewenspad stap mense wat van buite in beheer lyk, terwyl die pyn en wroeging wat hulle aan die binnekant ronddra, nie in woorde beskryf kan word nie. Miskien is die wekroep juis dat ons gedurende die feestyd:

dieper sal kyk,
oogkontak sal maak,
sal uitvra,
en werklik sal luister.

# ONS KANAAL

Daar is van tyd tot tyd spekulasie oor die bron van die water wat deur ons landgoed loop en sigbaar is in die kanaal/ watervoor wat na die Hennopsrivier lei. Centurion is op die waterskeiding geleë. Dit hou dus in dat hierdie riviere/ spruite, wat deur Centurion vloei, se water weswaarts vloei om eventueel die Atlantiese see te bereik.

Hierdie riviere is die Hennopsrivier/Sesmylspruit, Olifant-spruit, en die Swartbooi-spruit en spesifiek nou die Hennops-rivier-Sesmylspruitomgewing. Sesmylspruit is basies ’n gedeelte van die Hennopsrivier en is so vernoem toe die koetse van Zeederberg, dié van die Gibsonbroers en andere destyds tussen Kimberley, Johannesburg en Pretoria gery het.
Die koetse moes die rivier kruis by ’n drif digby Wierdabrug (staalbrug op die R101), ses myl vanaf Kerkplein. Hier was ’n herberg waar die passasiers kon rus en verfris en die koets het dan teen ’n stadige pas die rit verder geneem.

Die ontwikkeling van Centurion het oor jare meegebring dat baie stormwaterslote by dorpsontwikkeling nou geplavei is en dat water dus geredelik en maklik kan afloop. Dieselfde geld vir strate soos Willem Botha, Saxby ensomeer, met heelwat swembaddens by vyf skole en ook by plekke soos die Eldo komplekse en privaat woonhuise wat gereeld moet reinig en spoel. Baie van “ons” water spoel dus in die rigting van Zwart-kop.

Terug na die spekulasies is dit interessant om te weet dat die val vanaf ons ontvangssentrum na die watervlak van die Hennops sowat 21 meter is. Op dieselfde wyse is die val vanaf Eldoraigne Hoërskool na ons ontvangs 4 meter en vanaf Wierdapark se taxistaanplek ’n verdere 4 meter. Die val vanaf Wierdapark sakesentrum tot by ons kanaal is ongeveer 25 meter en tussen die onderpunt van die sloot tot by Wierdaweg so ongeveer 20.

Die slotsom is dat ’n deurlopende klein of groter straaltjie water in ons kanaal liefs toegeskryf kan word aan lekkende ou pype, swembaddens, asook daaglikse vermorsing van goeie water deur nalatigheid en onbedagsaamheid. Ons moet onthou dat ons in ’n hoogsbevolkte area woon.

’n Fonteintjie–soos bespiegel–sou myns insiens ’n groot aanwins wees.

–Isak #155

# Tydens verskeie oorstromings...













# Besig met skoonmaak...

















# Bou van muur...





**Muurtjie en sement "ramp" langs heining**

Storm van 10mm....ons wag vir groter storm
om effektiwiteit van muur te sien.
Ons glo dit gaan werk.



# In gesprek met [24]... Jean Ann Robinson



"keeping an eye on Eskom's loadshedding!" Jean was born in Johannesburg and grew up on the Crown mines property where her father worked for a private company. From Mayfair school, she went to Johannesburg Commercial College where she matriculated. She had a brother, 9 years older, who passed away in Hazyview (Avocado farmer) some 15 years ago.

Her first job was as a Dictaphone secretary at Afrox and she was also responsible for the telex machine which was fascinating as it was the Company's link to overseas transactions. (I wonder which youngsters know what a telex machine is?) After three years she was transferred to Afrox, Pretoria, as she had married Clive. They set up house in South Street, Hatfield, which was to be her home for the next 28 years. Her late husband was an accountant at the CSIR (Defence Institute) until he passed away in 1978 leaving her with 3 children aged 4,8 and 12. Jean was forced to return to work and, after involvement in a joint seedling business near Onderstepoort for 3 years, she then joined the CSIR where she worked for the next 25 years until her retirement in 2009.

Her oldest daughter Penelope, a Pretoria University graduate, is currently a Computer Programmer with Momentum in Centurion. She has a daughter in 5th year medicine and a son who is having a "Covid" gap year. Her second daughter Gillian, who graduated as a fashion designer, is married to Hannes an engineer with Grintek Ewation, now GEW Technologies. They have two boys– JP who is into computers and Jayden currently writing matric. Her only son Donovan is a landscape architect (UP) who also owns Soul Oasis Urban Retreat and wellness Spa in Mnandi Centurion.

After her retirement and until she moved here 5 years ago, during phase one opening, she was heavily involved with grandparenting duties, "Always something involving the family"! Something so many of us residents understand with the demands so many of our working children face today.

Jean is a great reader, interested in music, (misses her piano) and a keen user of the internet as well as being a regular contributor to our Eldo chat group.

# TUINSAKE

Versoeke van die President dat mense buitenshuis moet kuier ten einde te poog om Covid-19 verspreiding te probeer verminder, het daartoe gelei dat buitenshuise areas verbeter moet word ten einde inwoners aan te moedig om buite saam te kuier.

Verskeie versoeke is vanaf inwoners ontvang dat daar ook tuinstelle in die oop ruimtes geplaas word, want tans is daar net sement sitplekke in die 3 parke met klouterapparaat. Heelwat inwoners drink vroegoggend buite koffie saam met die sonsopkoms terwyl hulle na die voëlgeluide luister en geniet 'n skemerkelk saans met sonsondergang. Baie inwoners se gesondheid laat hulle nie toe om soggens of saans 'n flinke wandeling in die landgoed te neem nie, maar sal darem tot in 'n parkie naby sy eenheid kan kom vir vars lug. Vir hulle word daar nou ook voorsiening gemaak.

Die parkie Wes van die kanaal waar die jukskeibane oorspronklik was, is doelbewus redelik ongerep gelaat om kiewiete aan te moedig om daar te broei. Toegang tot daardie area is redelik beperk en die nuwe bankies is spesifiek daar geplaas sodat voëlliefhebbers die kiewiete kan dophou.

Nadat die tuinstelle geplaas is, sal daar ook mettertyd bome aangeplant word indien iemand bedags nie op sy eie stoepie in die skadu wil sit nie, maar in 'n parkie. Die primêre doel van die bankies is egter om dit vroegoggend en laat middag te benut. Die blombeddings sal ook uitgebrei word.

Die uitgawes vir die voorsiening van die plaveisel en die tuinstelle is nie addisioneel tot die huidige begroting nie, maar is deel van Fasiliteite se tuinverbeterings-uitgawes.



### Sommige Beskermde Bome in SA

Hierdie bome mag, volgens wet, na aanplanting nie uitgehaal word nie:

Appelblaar/Apple-leaf 238
Bergmahonie/Mountain mahogany 293
Boskoorsboom/Forest fever tree 632
Ertjiehout/Peawood 229
Essenhout/Cape ash 298
Gewone Kiepersol/Common cabbage tree 564
Hardekool/Leadwood 539
Jakkalsbessie/Jackal-berry 606
Kameelspoor/Camel's foot 209
Kiaat/African teak 236
Kinaboom/Quinine tree 647
Kremetart/Baobab467
Mingerhout/Matumi 684
Mitseri/Mitzeeri 324
Nieshout/Sneezewood 292
Outeniekwageelhout/Outeniqua yellowwood 16
Papierbas valsdoring/Paperbark false-thorn 157
Peperbasboom/Pepperbark tree 488
Peulmahonie/Pod mahogany 207
Rooi-essenhout/Natal mahogany 301
Rooi-ivoor/Red ivory 450
Tambotie/Tamboti 341
Vanwykshout/Tree wisteria 222
Vlerkboon/Wing bean 240
Wildedadelpalm/Wild-date palm 22
Witgat/Shepherd's tree 122
Witpeer/White pear 422
Witstinkhout/White stinkwood 39

# Estate Matters / Landgoedsake

**SPEED LIMIT**

It is noticed that the speed limit of 20 km per hour is still regularly exceeded by residents and visitors in the estate. It is also noticed that motorists just ignore stop signs, especially the four way stop at Wipstert and Tiptol Streets.

An extract from the conduct rules reads as follows:

“Vehicles may not travel at speeds in excess of 20 km per hour on any part of the common property areas. This speed limit has to be strictly enforced to prevent danger to owners or occupiers. Visitors who persist in breaking this rule may be refused entrance by vehicle.”

The following fine system is currently applicable:

- 1st transgression: warning letter;
- 2nd transgression: R500.00 fine, and 3rd transgression: R1 000.00 fine.

Residents must please ensure that their visitors adhere to the speed limit and obey all traffic signs.

Your co-operation to keep our estate safe, is appreciated.

**SPOEDGRENS**

Daar word bemerk dat die spoedgrens van 20 km per uur nog gereeld deur inwoners en besoekers binne die landgoed oorskry word. Daar word ook bemerk dat stoptekens net ge-ignoreer word, veral die vierrigtingstop by Wipstert- en Tiptolstrate.

’n Uittreksel uit die gedragsreëls word weer hieronder aangehaal:

“Voertuie mag nie op die gemeenskaplike eiendom bestuur word as die geskatte spoed daarvan 20 km per uur oorskry nie. Hierdie spoedbeperking sal streng toegepas word om gevaar vir eienaars of inwoners te voorkom. Besoekers wat aanhoudend versuim om hierdie reël na te kom, kan toegang per voertuig tot die landgoed geweier word.”

Die volgende boetestelsel is tans van toepassing:

- 1e oortreding: skriftelike waarskuwing;
- 2e oortreding: R500.00 boete, en
- 3e oortreding: R1 000.00 boete.

Inwoners moet asseblief toesien dat hul besoekers by die spoedgrens hou en alle verkeerstekens gehoorsaam.

U samewerking om ons landgoed veilig te hou, word waardeer.

# Other Estate Matters / Ander Landgoedsake


- Inwoners word dringend versoek om Ontvangs onmiddellik in kennis te stel wanneer u privaat tuinwerker, huiswerker of versorger nie meer in u diens is nie.
- Residents are requested urgently to inform Reception if your private gardenworker, houseworker or care-giver are no longer in your employment.
- Grassnydienste tov grassny, rantsny en blaas sal normaalweg plaasvind gedurende die feesseisoen.
- Geen nuusbrief vir Januarie 2021.
- Ontvangs sluitingstye gedurende Kerstyd.
- Ontvangs sluit 12h00 op die volgende dae: 24, 28,29,30,31 Des 2020
- Sat 2 Jan 2021 gesluit.

## Graham & Astrid Gainsford celebrated their 60th wedding anniversary on the 5th November 2020





## Tannie Hester Rossouw het haar 99ste verjaardag in die Sorgsentrum gevier.







Marie van 1333 maak kinderklere wat aan behoeftiges geskenk word







Die "vlytige vrouens" van Houtkapperstraat laat hulle nie deur Covid-19 onderkry nie



Ria van 3114 doen pragtige kwiltwerk.



Nel van Houtkapper 3113 hou haarself besig met hekel en appliekwerk.

